


# St. Augustinus van Kantelberg

## 27 Mei

(sterf 604)

Hy was die eerste aartsbiskop van Kantelberg en staan bekend as die Apostel van Engeland. Hy is in Rome gebore en word daar die owerste van die Sint Andreasklooster. In 596 word hy deur pous Gregorius die Grote na Engeland gestuur waar die Angelsaksiese invalle die ou Christelike Kelties-Romeinse kultuur verdring het en die land weer verheidens het. Hy slaag daarin om die koning van Kent, Ethelbert, tot die Christelike geloof te bekeer en hy doop hom. Augustinus word in Frankryk tot biskop gewy en keer terug na Engeland waar hy sy setel by Kantelberg vestig. Hy stig ook biskopsetels in Londen en Rochester en teen sy dood was die Kerk goed gevestig in die Suide. Sy pogings om die Keltiese Kerk met dié van Rome te verenig was egter nie suksesvol nie. Kantelberg sou tot vandag toe die hoofsetel en middelpunt van die Kerk in Engeland bly.

© Die Oratorium Uitgewery